
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

'n Ongeredde Huweliksmaat

'n Suksesvolle huwelik is nie net om die regte persoon te vind nie. Dit is om die regte persoon te word.

Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. (1 Tim.6:11).

Die Woord van God waarsku uitdruklik dat ons op ons hoede moet wees, VOORDAT ons 'n huwelikverbond aangaan. In **2 Kor.6:14-18** lees ons: **"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bèlial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?**

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."

Die Here verklaar uitdruklik dat 'n gelowige NIE IN DIESELFDE JUK as 'n ongelowige mag trek nie, tog is dit die area waar die duiwel die gelowige keer op keer pootjie; veral ons jong mense.

In hul soeke na 'n lewensmaat voel hulle dikwels aangetrokke tot 'n ongelowige en wanneer hulle verlief raak, is dit vir hulle moeilik om die waarskuwing in **2 Kor.6** te onthou. Hierdie "nuut gevonde liefde" neem al hulle tyd en aandag in beslag, en die feit dat die maat nie gered is, is nie so belangrik as wat dit behoort te wees nie. Dit is op hierdie tydstip dat Satan met sy leuens kom en fluister: "Moet jou nie hieroor bekommer nie. Hy/sy het jou so lief dat wanneer julle eers getroud en gevestig is, sal hy/sy ook soos jy begin dink, en hy/sy sal besluit om die Here te dien."

Daar word dikwels geredeneer dat die liefde tussen hulle alle probleme sal oorkom, ook om die ongelowige gered te kry, dit is egter nie die moeite werd om so 'n kans te waag, in die lig van God se waarskuwing aan Sy mense. Ongelukkig is fisiese aantreklikheid en eerste liefde, alhoewel belangrik in 'n huwelik, beslis nie DIE fondament om enige huwelik op te bou nie en omdat God die outeur en implementeerder van die huweliksverbond is, sal dit slegs uitwerk as ons Sy opdragte gehoorsaam.

Indien 'n gelowige, met 'n ongelowige persoon sou begin uitgaan, moet hy van die begin af reeds besef dat geen huwelik kan plaasvind alvorens die persoon nie gered is nie. Ons drie dogters het, in hul

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Huweliksverbond)

laat tiender – en vroeë twintiger jare, begin uitgaan met ongelowige jongmans. Elkeen het geweet dat ons onder geen omstandigheid aan haar toestemming of seënwense tot 'n huwelik sou gee nie, behalwe as haar maat die Here Jesus Christus as sy persoonlike Here en Verlosser aanneem en Hom, net soos elkeen in ons gesin, met sy hele hart lief het!

Ons het altyd gesê dat dit die enigste maatstaf is in die keuse vir 'n huweliksmaat. Liefde en aanpasbaarheid speel natuurlik 'n belangrike rol, maar na alles kan enige huwelik slegs werklik tot die volheid van God se doel groei, as Jesus die Rots is waarop hulle bou. Die gelukkige storie is dat elkeen van ons kosbare skoonseuns Jesus Christus gedurende hulle hofmakery (met die meisies) ontvang het, dit is waarvoor ons gebid het en hiervoor prys ons die Here.

Die gevolg is dat al drie pare en ons ses kleinkinders, die Here saam met ons dien. Wat 'n seën! Moenie wanhopig wees as jou huweliksmaat nog nie gered is nie. Soos jy verder lees, sal jy besef dat daar oorwinning in Jesus is.

Laat ons die prioriteite, volgens God se plan van orde, bespreek.

God moet EERSTE in jou lewe wees en Hy moet bokant alles wees, dit sluit mense, werk, materiële dinge, stokperdjies ens. in. As dit nie so is nie, is afgodsdiens teenwoordig. Jou huweliksmaat is jou volgende prioriteit, volgende jou kinders, dan jou plek van aanbidding (kerk) en dan jou werk.

Indien enige van hierdie prioriteite in die verkeerde volgorde is, kan ons seker wees dat daar probleme in ons huwelike sal wees.

Vroue, let asseblief op dat jou kerk en kerk aktiwiteite nie voor jou man en kinders kom nie. Dikwels voel welmenende vroue dat deur soveel moontlike kerklike aktiwiteite by te woon, hulle meer geestelik word. Hulle voel regtig dat as hulle dit doen, dit hulle huise en gesinne bevoordeel.

Ongelukkig is die teenoorgestelde dikwels waar.

Indien die man na 'n laer prioriteit posisie verplaas word as wat hom volgens God se Woord, toekom sal die huisgesin daaronder ly.

Wanneer 'n vrou se prioriteite nie reg is nie, sal haar gesin ly, en sy self sal onvervuld wees, omdat sy nie in lyn met God se plan en doel vir haar lewe is nie. As haar man nog nie wedergebore is nie, sal haar "rond hardloop en goed doen" 'n negatiewe uitwerking op sy verwagte verlossing hê.

In plaas van om hom na die Here te trek, kan sy veroorsaak dat hy ontevrede raak met 'n "super geestelike" vrou, en geneig wees om nie na aan die Here te kom nie. 'n Man in hierdie posisie kan selfs die kerk sien as 'n mededinger vir sy vrou se tyd en aandag!

Dit is belangrik om nie die byeenkoms van die heiliges te verwaarloos nie **(Heb.10:25)**, maar egter nie ten koste van jou huwelik nie. Die Here ken jou harts begeerte om die dienste by te woon, maar jou man sal 'n beter gesindheid teenoor jou hê, en groter harmonie in jou huis wees, as jy kies om Woensdag aand tuis te bly en kwaliteit tyd met hom deur te bring as om teen sy sin na die gebedsbyeenkoms te gaan. Natuurlik, as hy jou aanmoedig om te gaan, kan jy dikwels gaan, maar jou eerste plek is aan sy sy. Moet nooit teen sy wense gaan nie, maar moet ook nie met 'n lang gesig tuis bly nie! Die belangrikste instrument wat jy het om jou man vir Jesus Christus te wen, is jou LIEFDE vir hom.

Laat hom weet dat jy bly is om by hom te wees, en hom te bederf en na sy behoeftes om te sien. Dit is hierdie houding wat sal lei tot 'n positiewe en doeltreffende reaksie. Ten slotte is dit God se goedheid wat tot bekering lei, volgens die Bybel. Dit moet egter met die regte harts motief gedoen word, anders is dit manipulasie.

Dit is nutteloos en onproduktief om jou man vir Jesus te wen deur hom te veroordeel en te beskuldig, of nog erger om vir hom te preek of uit die Bybel aan te val.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Huweliksverbond…..)

God sê met groot wysheid in Sy Woord: **Net so moet julle, vroue aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die Woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue, SONDER WOORDE gewin kan word, as hulle jul reine, GODVRESENDE WANDEL aanskou het (1 Pet.3:1 -2).**

Jou werksgebied om jou man vir Jesus te wen, is JOU BINNEKAMER. Dit is hier waar jy vir hom intree en *geestelike oorlogvoering* doen vir die redding van sy siel. DAN sal God se belofte in **Hand.16:31** 'n werklikheid in jou lewe word:

Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en JOU HUISGESIN.

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug (Ef. 6:12).

Ons ken hierdie Skrif baie goed, maar is dit 'n werklikheid in jou lewe? Dikwels hou ons steeds aan om teen mense te stry (vlees en bloed) - bv. ons man/vrou, kinders, bure, medewerkers, winkel-eienaars, ontvanger van inkomste en andere terwyl die Bybel duidelik verklaar dat ons worstelstryd NIE TEEN DIE MENS IS NIE, maar TEEN DIE BOSE GEESTE IN DIE LUG. Met ander woorde as jou huweliksmaat op enige gebied te kort skiet, is dit die duiwel wat daaragter sit. Jou stryd is dus 'n *geestelike stryd* teen die duiwel, NIE TEEN JOU MAN OF VROU NIE! Dit is waarom ek sê dat jou binnekamer die gevegsterrein is, want dis daar waar jy vir jou man intree vir sy redding of bevryding. **Dit is die plek waar jy gesag oor die duiwel neem (Mat.12:29; Mat.16:19) UIT DRYF (Mark.16:17) OP HOM TRAP (Ps.91:13), HOM WEERSTAAN (Jak.4:7) en AAN HOM GEEN PLEK GEE NIE (Efs.4:27).**

Die Here het aan die huweliksmaat kragtige Geestelike wapens voorsien, om in die stryd teen die bose magte te gebruik, vir die verlossing van die geliefde. Hulle is Liefde, Gebed en Vas. AGAPÉ LIEFDE: Dit is nie 'n vleeslike, erotiese hartstog wat ons in rolprente en sepies kry nie. Dit is "eros" liefde en is oppervlakkig en nie noodwendig blywend nie. Agapé liefde het die blywende kenmerk van die Goddelike liefde wat in **1Kor. 13** beskryf word, 'n liefde wat in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees **(Rom.5:5)**. As jy 'n gelowige is mag jy nooit die punt bereik waar jy sê:

"Ek het my huweliksmaat nie meer lief nie." Want dan weerspreek jy die Woord van God! Agapé liefde is 'n Keuse!

Onthou, hierdie liefde het niks te doen met *gevoelens of emosies.* Gevoelens kan misleidend wees en wissel na aanleiding van omstandighede en stemming. (Bv. hoe jou man of vrou jou daardie dag behandel het).

Die Bybel stel GELOOF bo gevoelens. As jy werklik GLO dat hierdie Agapé liefde in jou hart uitgestort is deur die Heilige Gees, sal jy dit met jou mond bely en dan sal dit na vore kom in jou dade. Jy mag werklik voel dat daar geen liefde meer in jou hart is vir jou huweliksmaat nie, maar soos jy God gehoorsaam, sal Hy daardie liefde terug plaas en jou verhouding tot sy vorige heerlikheid, selfs daarop verbeter!

As jy egter toelaat dat jou gevoelens en emosies jou beheer, sodat jy slegs daarvolgens optree, beoefen jy nie meer geloof in God se Woord, en dit wat aanbeveel word aangaande die omstandighede nie. Deur dit te doen bestaan die gevaar, dat jy nie meer deur die Gees gelei word nie, maar dat jy in die natuurlike (vleeslike of siels) gebied optree. God se manier om die probleem aan te pak is in die Gees, en dit kom voor asof dit teen die natuur is!! Indien jy dit doen sal jy jouself nooit op die plek bevind waar jy aan jou maat sal sê:"Love is not a feeling, it's an act of your will."

Agapé liefde is nie 'n emosie nie, dit is JOU KEUSE om in lyn met die Woord van God te kom, en wanneer jy kies om dit te doen, sal ware emosie volg.

Dit is van hierdie Agapé liefde waarvan die Here in **Joh.3:16** praat: **Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy Eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

Hierdie soort liefde GEE onvoorwaardelik,

(Vervolg of Bl. 4)

onselfsugtig, met rein motiewe, hierdie liefde gee sonder om iets terug te verwag, hierdie liefde VERANDER NOOIT.
God het Sy Seun ONVOORWAARDELIK GEGEE; Hy het ons EERSTE lief gehad, toe ons nog sondaars was en hierdie waarheid VERANDER NOOIT ! Dit is die selfde soort liefde wat reeds in jou hart uitgestort is volgens **Rom.5:5.**
Let asseblief daar op dat 'God – soortige liefde' beginsel van toepassing is op AL JOU VERHOUDINGS. Liefde is 'n keuse. As jy glo en bely dat jy Gees vervuld, Kind van God is, dan IS God se liefde in jou hart en sal jy nie God se bevel in **Matt.22** bevraagteken nie: **Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.** NB. Jy het die persoon lief NIE DIE SONDE !!
Met hierdie diep, onvoorwaardelike liefde van God in jou hart vir jou huweliksmaat (ongeag hoe hy of sy optree of reageer), is jy reeds besig om grond te wen in die stryd vir sy/haar siel.
GEBED: Gebed is om die Vader in die Naam van Jesus te vra vir die begeerte van jou hart, volgens God se wil. Dit is om te glo dat jy ontvang wanneer jy bid! God belowe, dat jy sal kry! **(Mark.11:23-24).** Jy het nie omdat jy nie vra nie vertel **Jak.4:2-3** vir ons! Vra jou hemelse Vader in geloof om jou maat te verlos en te red, dank Hom dan vir die antwoord, wat jy glo, reeds aan die kom is. Dit is geloof!
Dank God vir die veranderinge wat Hy reeds volgens Sy Woord, besig is om in jou huweliksmaat se lewe te maak en herinner Hom aan Sy Beloftes. Onthou dat Sy Woord Sy Wil is. Onder die GEBEDS opskrif wil ek net die belangrikheid beklemtoon om in jou gebedstaal te bid wat die Here jou gegee het, nl. die spreek in tale. As jy Efesiërs hoofstuk ses lees, sal jy vind dat *bid in die Gees* deel van die wapenrusting is wat die Here gee om die bose magte in die lug suksesvol te beveg. Elke deel van die wapenrusting is noodsaaklik nie opsioneel nie, om die owerhede en magte te oorwin. God beskou hulle as noodsaaklik in ons geestelike oorlogvoering; sonder hulle sal ons stryd baie moeilik wees!
As jy met die Heilige Gees vervul is, maar nog nooit in jou gebedstaal (tale spreek) gebid het nie, sal ons boekie "Ondervind die Heilige Gees" vir jou tot groot hulp wees. Moenie dat Satan jou langer beroof van hierdie kosbare en belangrike gawe, wat ons Hemelse Vader vir jou het. OORWINNING is jou erfenis, en om in die Gees te bid is 'n magtige wapen, dus bid DIKWELS en GEREELD in jou gebedstaal. Bid by jou maat se bed, in sy kantoor, by haar naaimasjien, in jou maat se motor. Wanneer jou geliefde slaap, lê jou hande liggies op hom/haar en bid in tale. Hierdie magtige wapen veroorsaak dat Satan vlug omdat die Heilige Gees *deur jou bid* – 'n volmaakte God geïnspereerde gebed!
Dikwels moet "die sterk man" (sterk vesting) in die lewe van 'n persoon gebind word. In **Matt.12:28-29**, praat Jesus van die uitdryf van demone: **"Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom. Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof."**
..... en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees (Matt.16:19).
Let ook op die volgende Skrif: **Ps.149:5-8: Laat die gunsgenote juig in heerlikheid; laat hulle jubel op hul bedde. Lofverheffinge van God is in hulle keel, en 'n tweesnydende swaard in hulle hand; om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke; om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie.**
Miskien is hierdie praktyk van bind en ontbind vir jou vreemd, maar dit is baie effektief.
Om *te bind en te ontbind* in die Naam van Jesus kan in enige situasie, 'n baie groot verskil maak. Die vyand kan slegs deur 'n gelowige GEBIND word. So kan bv. wellus, drankmisbruik, hebsug of passiwiteit in jou maat, gebind word in die Naam van Jesus Christus. Aan die ander kant kan hy/sy ONTBIND word in die Naam van Jesus, van die vyand se slawerny van owerspel, drankmisbruik, boer by swak plekke of die invloed van slegte vriende. Jesus het aan

die vrou met 'n gees van krankheid gesê: **"Vrou jy is van jou krankheid verlos" (Luk.13:12).**
Die woordeboek omskryf die woord BIND: om te bind met kettings, toue, ens., om buite geveg te stel, om vas te pen, om te beperk, om te vertraag, om 'n einde aan te maak.
ONTBIND: vry te stel, om te vergewe, om los te maak, om vry te maak van demone, siektes en vloeke. Om hierdie geestelike wapens te gebruik, moet jy hulle hardop uitspreek, jou mond is die lanseerkussing.
Jy moet vir altyd Satan met God se Woord, in geloof, konfronteer; ken jou gesag in Jesus se Naam.
As 'n gelowige in Christus Jesus is aan JOU die gesag en mag gegee oor die duiwel en sy werke, in Sy Naam, MOET HIERDIE FEIT NOOIT VERGEET NIE.
Nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het (die kruis)**(Kol.2:15).**
"Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie"(Luk.10:19).
VAS: Vas en gebed gaan altyd hand – aan – hand, en is baie belangrik. Let ook op die interessante Skrif vers in **Jes.58:6: Is dit nie die vas wat Ek verkies nie? Dat julle LOSMAAK die bande van goddeloosheid, dat julle AFHAAL die stroppe van die juk en VRY LAAT en weggaan die verdruktes en elke juk STUKKEND BREEK?**
As jy dus VAS, maak jy los, haal jy af, laat jy vry en breek jy stukkend. Dis tog presies wat jy begeer om te bereik, wanneer jy 'n ernstige stryd aanknoop teen die vyand, vir 'n geliefde. **Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie (Matt.17:21.**
Hierdie was Jesus Christus se eie Woorde aan Sy dissipels toe hulle nie 'n maansieke kind van 'n demoon wat hom besmet het, kon bevry nie. Om 'n geliefde of 'n huwelik te red moet jy 'n stryd aanknoop teen demoniese magte en wêreldheersers. Jy moet werklik OMGEE om vir jou huwelik te VEG of die verlossing en vrymaking van jou geliefde. Jesus het geweet watter KRAG daar in GEBED en VAS is. Hierdie krag word vrygestel teen die duiwel en sy demone.

In **Matt.6:16** sê Jesus**: WANNEER julle vas.....** Daar was geen twyfel. Hy was seker dat Sy dissipels sou vas. Hy het nie gesê: As julle vas, maar wanneer julle vas! Ons kan nie die belangrikheid van gebed en vas oorbeklemtoon nie, as magtige geestelike wapens in enige stryd, waar dit wemel van die vyand se vernietiging! Uit persoonlike ondervinding en deur baie getuienisse weet ons, dat meer oorwinnings deur kinders van God verkry is, omdat hulle hul Hemelse Vader se barmhartigheid, genade, wysheid en verlossing gesoek het vir hulself, maats, kinders, geliefdes of vir enigeen wat hulle in die gaping voor gestaan het, deur gebed en vas.

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Deur die geloof het die mure van Jerigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was (Heb. 11:30).

Kan jy jou voorstel om so 'n opdrag te kry, om 6 dae om die stad te marsjeer en op die 7de hard te skreeu wat veroorsaak het dat die mure ineengestort het?

Om mee te begin; die hoogte van die mure van Jerigo was gelykstaande aan 'n vierverdieping gebou.Daar was drie mure, die laaste was van die dyk wat die indruk gegee het van 'n 10 verdieping gebou! Kortliks, Jerigo was 'n ondeurdringbare fort.
Die Israeliete sou soos miere vir die wat binne was gelyk het.

Indien Josia besluit het om die opdrag uit te redeneer, sou daar geen marsjeering gewees het nie! Niks het enige sin gemaak nie! Daar was selfs geen krake in die muur sigbaar nie ... Tog oorkom geloof rede en emosies. Dit is 'n daad van die wil. Die Israeliete se gehoorsaamheid aan God se opdragte het gelei tot die beleg van Jerigo!

Watter Jerigo's is daar vandag in jou lewe? Onherstelbare verhoudings? Slegte gesondheids uitslae? Onmoontlike finansiële beperkings?

Wat ook al die mure is wat jou pad blokkeer, weet dat Jesus dieselfde is gister, vandag en môre.
Soos jy jou probleem aan Hom gee en opdrag ontvang, handel daarmee in geloof.

Geen versperring is te hoog of wyd vir ons Verlosser om te verwyder nie. Halleluja!

If you don't want the fruits of sin, stay out of the devil's orchard

Abstain from all appearance of evil 1 Thess. 5:22

Marriage is the most unique relationship on this earth and is above all other human relationships. Two people are able to share intimately not only their thoughts, dreams and desires, but also their bodies. God puts together two people within marriage who are able with Him to produce another living soul created in His image and likeness **(Gen 1:26).**

Love within a marriage is holy, because God instituted the first marriage. When two people give themselves to one another in marriage, it should be in a place where God can be glorified and can give His blessing to and seal upon the union. It is a holy occasion.
The marriage of a man and woman symbolises Christ and His Church (the Bride) It is an expression of the unselfish love of Christ towards the Body, His Church.

Any marriage which is not conducted according to God's rules (which are adequately described in the Bible) is doomed to failure. The Word of God gives very clear guidelines regarding the sexual aspect of man. God wants us to be fulfilled in this area. He placed the sex-instinct in His creatures, and also in man, the crowning glory of His creation. The sex-instinct is not 'sinful or dirty', but a precious gift of God to be used to His glory and for our pleasure. It must be respected, controlled and enjoyed according to God's laws. The world's guidelines and standards regarding sexual behaviour can only lead to adultery, divorce, homosexuality, lesbianism, and other sexual perversions, sometimes resulting in aids.

The sexual act is definitely meant to take place only between married partners both for reproduction and enjoyment. Any sexual relationship outside marriage is considered fornication or adultery by God and this is an abomination to Him.

The world always over emphasises the sexual aspect of marriage and on the other side of the coin we have prudish, religious Christians who believe sexual pleasure within the marriage is taboo. The truth according to God's Word lies between these two extremes as I have already mentioned and must be seen in this light.

The Bible book, Song of Solomon describes the pleasure of sexual love. Some critics say this Bible book is erotic and should not be in the Bible at all, but that is not correct. The Song of Solomon does describe physical pleasure, but it definitely does not proclaim that this pleasure is the beginning and the end of everything!

The Song of Solomon describes the wonderful love of two marriage partners for each other. In fact, many Bible students believe that it symbolises God's love for His people, the love of Christ for His Church. No matter how you interpret the Song of Solomon, whether literally or figuratively, you must agree that it puts sex and physical pleasure in the right perspective.

Marriage with love is the honourable means by which two people enjoy sex. Sex in any other relationship, pre-marital or outside of marriage is condemned by God. The intimacy of a Christian husband and wife can bring honour to the Name of the Lord. He says that *everything* we do, must be to His glory!

Whether therefore ye eat, or drink, or WHATSOEVER ye do, do all to the glory of God (1Cor 1:31).

WHATSOEVER we do - eat, sleep, talk, buy, sell, even having sex, must be done in a way which will bring honour to the Lord.

He made us and He expresses Himself through us. Paul says: **I have been crucified with Christ; it is no longer I who live, but Christ lives in me; and the life which I now live in the flesh I live by faith in the Son of God, who loved me and gave Himself for me (Gal 2:20).**

Every physical deed performed by a Christian should therefore express love towards God. That is the ultimate test of a Christian's sexual relationship. Does it glorify the Lord?

When a man and a woman enjoy sex within a marriage as God ordained it, and providing they treat each other with love and respect, the sex within their marriage will bring honour to God. If however they play around with sex and have "affairs" *outside* of the marriage they break His commandments. The world calls it "having an affair", God calls it adultery! The manuals on sex written by worldly writers always put the emphasis on the **METHOD** of having sex, but God's Word puts the emphasis on the **MOTIVE.** If a man and woman have sex for selfish or perverted reasons, they are destroying one of the most precious gifts which God has entrusted to man. They actually INSULT the Creator, and be very sure that they will bear the consequences! Sex forms an integral part of the Christian marriage and life - it cannot be put into a separate category.

There is of course the age-old problem of how can sex be seen and practised according to God's ways in a marriage where only one partner is saved? If this is your problem, I want to encourage you by telling you that God's grace is sufficient for you until your husband / wife becomes born-again and lives a Godly life. We pray that this will happen soon! I explained previously how you can become involved in God's very practical plan of action for the salvation of your partner.

OUTWARD APPEARANCE

There has been much said with regards to the outward appearance of the Christian woman, and since we are dealing with the physical side of marriage, this must be discussed. A man must feel masculine, and equally important, a woman must feel feminine. God created them male and female. Every woman needs to attend to bodily hygiene, and then endeavour to make herself as pretty and attractive as possible, keeping of course the following in mind:

Know ye not that ye are the temple of God, and that the Spirit of God dwelleth in you? If any man defile the temple of God, him shall God destroy, for the temple of God is holy, which temple ye are (1 Cor. 3:16-17).
For ye are bought with a price therefore glorify God in your body, and in your spirit, which are God's (1 Cor. 6:20).

We are often asked the following questions at the Centre:
1. May a woman adorn herself outwardly?
2. May a woman wear slacks?
My answer to both these questions is yes. If a woman adorns herself to attract the attention of other males, or if her outward appearance becomes an idol in her life, then her motives are wrong, and she should change her ways. Remember, God SEES THE HEART! If however she adorns herself outwardly to honour God and to please her own husband, this is in order.

The same applies to her wearing long pants. God did forbid the women of Israel in the Old Testament to wear men's clothes, but in our day slacks are designed also for women, not only for men. If we want to reason that trousers are men's clothing only, we would have to agree that Jesus and His disciples wore women's clothing, because in their days they wore long garments and not long pants.

It is very important however that a Christian woman should at all times be recognised as a female, and that a Christian man should at all times be recognised as a male**.** From the beginning of time, Satan has endeavoured to reverse the role of male and female in order to destroy them! One of his masterplans is sodomy - homosexualism and lesbianism. If he can succeed in getting women to look masculine and act like men, and men looking and acting like women, his plan to create confusion and the mocking of God's most prized creation will have been accomplished.

That is why Satan motivates women to get involved in "Women's Liberation Movements" and "Women's rights," because he wants them to take on the role of the male. It is for this reason that God forbids a woman to wear men's clothing, so that they do not "wear the pants"; but as I have said as long as a woman looks feminine and not sexually provocative she may wear slacks.

I do believe that your outward appearance and your way of dressing portrays the place that Jesus Christ has in your life.

A last word with reference to the sexual aspect of man, is that God does not allow any form of perversion at all. Any form of sex outside of marriage between members of the opposite sex, is sin. So is homosexuality, lesbianism, paediaphilism, bestiality etc. The modern tendency to cover up for these sins is to call them "physiological or emotional divergences", and so try and gain acceptance for them. This is from the pit of hell and the sooner Christians realise this and see these practices as sin, the better.
God does not allow or justify any deviation from the norms as set out in His Word regarding sex. In other words homosexualism, lesbianism and any other sexual perversion is an abomination to God. The penalty in Bible days was always death and to make this choice today would still bring death and not life!

The world today has justified these perversions by giving them fancy names and has succeeded in removing the guilt associated with these actions. Let us recognise sin for what it is, rebellion towards God, and pray and fast when necessary.

There is FORGIVENESS FOR ALL SIN in Jesus Christ - Just come to the Father in genuine repentance, with a desire to change**(1 John 1:9)**. He will not only forgive you, but give you the strength to overcome, and the ability to walk in His ways.

Today we find that there are certain "Christian Churches" (so called) that are prepared to "marry" two people of the same sex in order to "sanctify their union". The argument is that they are "born this way" and that they cannot change. But God's Word says, repent of these wicked ways and ask His forgiveness and seek His deliverance. In our experience at the Centre we have seen many such people delivered and set free to be what God intended them to be. Do not let the devil rob you of a Godly partnership and the blessing of children.

GROOMING

I am sure I need not tell you how to go about looking attractive and being healthy, because much has been said and is written on these subjects. A healthy, well-groomed outward appearance definitely glorifies God. Remember however the Scripture I quoted earlier.

Therefore, whether you eat or drink, or whatever you do, do all to the glory of God (1 Cor. 10:31).

When you use cosmetics, have your hair done, or choose clothes - let this Scripture be your yardstick.

A married woman has a duty toward her husband and that is to keep herself pretty and attractive for him.
Never think that because you have his ring on your finger, you can become sloppy and drab, you would be playing right into Satan's hand who will try and tempt your husband with the attractive secretary or pretty neighbour.
Ask the Lord for His grace to preserve your first love in your marriage.
It is a choice **you** make and God will honour it.

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U (Jes. 26:3).

Die vers beteken nie dat ons nodig het om 24 uur per dag aan Jesus te dink nie, alhoewel dit wonderlik sou wees om dit te kon doen, maar die woord "standvastige" (Eng. Stayed) beteken hier: "bekragtig/rus/ondersteun en steun op". Met ander woorde as ons in geloof besluit het op Jesus en Sy Woord, kan ons volkome vrede hê. Ons is nie langer verward of in twyfel nie, twee toestande wat die vyand van ons siele lief is om te gebruik om die geloofsmat onder ons voete uit te ruk!

Waarop moet ons besluit? Wat gee ons hierdie vrede?

Die volkome sekerheid dat ons lewens veilig in Sy Hande is; dat Hy in beheer is, maak nie saak hoe chaoties dinge lyk nie, want Hy het gesê: "Hy werk ALLE dinge ten goede vir die wat Hom lief het, niemand kan ons uit Sy Hand ruk nie of ons skei van Hom en Sy liefde nie en ons eindbestemming is verseker!

Dan kan ons onder Sy Hand, in en deur alle omstandighede rus en ophou om te stres .... So Dus liewe vriende, vandag is die dag om na te dink oor hierdie waarhede en jy sal daardie vrede ondervind wat alle verstand te bowe gaan.

Ons wil julle uit die diepte van ons hart dank dat julle dit vir ons moontlik maak om die Goeie Nuus van die Evangelie van ons Here Jesus te versprei. Baie dankie ook vir jul gebedes, aanmoediging, ondersteuning en liefde, dit beteken baie vir ons. Ons bid dat ons Hemelse Vader julle ryklik sal seën op elke gebied soos julle aanhou om Hom lief te hê en te dien.

Liefde groete

Meg en die Gebedspan

"DIE FEESTYE VAN DIE HERE"

Boek 51 teen R20.00



Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.